# Laerskool Wonderboom

**Afleweringsadres**:
h/v Braam Pretorius- & Jan Booysenstraat
Annlin, Pretoria

| | |
|---|---|
| Telefoon | 012 543-0208/9 |
| Posbus | 293 Montana 0151 |
| E-Pos | admin@wonwen.co.za |
| Webtuiste | www.wonwen.co.za |


## AANSOEK TOT TOELATING VIR 2025

| Volle name van leerder: | Graad: |
|---|---|
| | |

| | |
|---|---|
| ***Geen vorms word aanvaar indien alle nodige dokumentasie nie saam ingegee is nie.***<br>Merk asseblief die onderstaande met \`n X: | |
| Het u enige leerders tans in hierdie skool? | |
| Naam(e) van leerder(s) tans in skool: | |
| | Familiekode: |
| ***Merk asseblief met \`n X of u die onderstaande aan hierdie dokument geheg het.*** | |
| Afskrif van geboortesertifikaat & inentingsrekord | |
| Afskrif van laaste rapport | |
| Afskrifte van beide biologiese ouers se ID's | |
| Bewys van woonadres (slegs munisipale-rekening of huurkontrak) | |
| Motiveringsbrief (vir leerders wat nie in dié skool se voedingsarea woonagtig is nie) | |

**Slegs vir kantoorgebruik:**

**Klas:** ______________________________

**Familiekode:** ________________________

**Toelatingskode:** _____________________

**Toelatingsdatum:** ____________________

**Vorige skool:** _______________________

**Profiel aangevra:** ____________________

**Nota:** ______________________________

________________________________________

________________________________________

### HUIDIGE SKOOLGELD VIR 2024: GRAAD 1 TOT 7

| OPSIE 1: MAANDELIKS | | OPSIE 2: EENMALIG | | OPSIE 3: DEBIETORDER | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **Betaalbaar voor of op 1 Maart 2024** | | Skoolgeld: R1 725 x 11 = | R18 975.00 |
| Skoolgeld: R1 725 x 11 = | **R18 975.00** | Skoolgeld: R1 725 x 11 = | R18 975.00 | Korting 2% | R 379.50 |
| | | Korting 4% | R 759.00 | TOTAAL | **R18 595.50** |
| | | TOTAAL | **R18 216.00** | Maandelikse debietorder **=** | **R 1 690.50** |

### HUIDIGE NASKOOLSENTRUM FOOIE VIR 2024
***Vooruitbetaalbaar voor die 7de van elke maand***

Naskoolfooie: R1 460 x 11 = R16 060.00
*(8% verhoging)*
Dagbesoekers: R90 per dag
Skoolvakansie - dagbesoekers: R90 per dag

### BANKBESONDERHEDE

| Bankbesonderhede vir betaling van **Skoolgeld**: | | Bankbesonderhede vir betaling van **Naskoolgeld**: | |
|---|---|---|---|
| Rekeningnaam: | Laerskool Wonderboom | Rekeningnaam: | Wonderboom Alumni |
| Bank: | ABSA – Tjek | Bank: | FNB |
| Takkode: | 632005 | Takkode: | 250655 |
| Rekeningnommer: | 5260144369 | Rekeningnommer: | 62864468220 |
| Verwysing: | Familiekode + Skoolgeld | Verwysing: | Familiekode + Naskool |

**Debietorder:**
Vir enige debietorder-navrae of om 'n vorm te verkry, kontak gerus vir mev. Annette Carr by **fin2@wonwen.co.za**

**Aansoek om vrystelling/gedeeltelike vrystelling van skoolgelde:**
Alle aansoeke moet persoonlik by mev. Annette Carr afgehaal en ingedien word:

Aansoek om vrystelling of gedeeltelike vrystelling van skoolgeld kan ingevolge die Skolewet gedoen word. Hierdie aansoeke, pleegsorg ingesluit, moet **jaarliks** aan die Beheerliggaam op die voorgeskrewe vorm gerig word. Vorms is by mev. Annette Carr beskikbaar en moet voor of op 1 Maart van elke skooljaar ingehandig word om in aanmerking te kom vir die vrystelling/gedeeltelike vrystelling. **Geen** laat of onvolledige aansoeke sal sonder skriftelike redes oorweeg word nie.

**Naskool:**
Betaling kan **SLEGS** per debietorder geskied – Geen uitsonderings.

**Skoolgeld is streng vooruitbetaalbaar. Alle skoolgeld moet voor 31 Januarie betaal word, maar met die vergunning van die Beheerliggaam, mag dit in 11 paaiemente afbetaal word. Die aansoeke vir vrystelling/gedeeltelike vrystelling van skoolgelde moet voor of op 1 Maart ingedien word, waarna 'n voorlopige verslag teen 31 Maart aan die Departement voorgelê moet word.**

**Toelatingsvereistes vir Laerskool Wonderboom**
Wanneer 'n kind ingeskryf word, word elke ouer of voog verbind om hom/haar te onderwerp aan die besluite van die hoof rakende die skoolorganisasie en -dissipline. Die verbintenis sluit in 'n verpligting aan die kant van die ouers om niks te doen wat die skool, die leerproses, skooldissipline en die organisasie van die skool ontwrig nie.

**Ouderdomme**
Kleuters word by Graad R toegelaat indien hulle op 1 Januarie van die betrokke jaar reeds 5 jaar oud is, met ander woorde 6 jaar oud word gedurende die loop van die jaar. Leerders word by graad 1 toegelaat indien hulle op 1 Januarie van die betrokke jaar reeds 6 jaar oud is – met ander woorde 7 jaar oud word in die loop van die jaar. 'n Leerder wat meer as twee jaar ouer is as die gemiddelde ouderdom van die klas waarvoor aansoek gedoen word, sal nie toegelaat word nie (graad plus 6 is die norm ouderdom).

**Onderrigtaal**
Alle vakke, behalwe Engels, word deur die medium van **AFRIKAANS** onderrig.

**Inskrywings van skoolverwisselaars**
Skoolverwisselaars sal nie outomaties toegelaat word tot Laerskool Wonderboom nie. Daar moet voldoen word aan die toelatingsvereistes van die skool. Dit is raadsaam om eers inligting by die skoolhoof oor toelating te verkry:

**Verpligte dokumente benodig**
- Oorplasingskaarte – geen kind sal ingeskryf word sonder hierdie dokument nie.
- Getuigskrif van vorige skool sal dien as aanbeveling.
- Nuutste rapport.
- Afskrif van geboortesertifikaat.
- Afskrif van inentingsrekord.
- Afskrifte van beide biologiese ouers se ID's.
- Bewys van woonadres in die voedingsarea (slegs munisipale-rekening of huurkontrak).
- Bewys van werksadres van beide ouers (indien u in die voedingsarea werksaam is).

**Herregistrasiedatums**
Alle leerders moet vóór die datum, deur die Departement bepaal, vir die volgende akademiese jaar herregistreer. Dit gee die skool die geleentheid om te beplan vir die nuwe jaar.

## LEERDERINLIGTING

### LEERDER

Volle name: ____

Van: ____

Noemnaam: ____

Geboortedatum: ____

ID nommer: ____

Nasionaliteit: ☐ RSA ☐ Ander: ____

Kerkverband: ____

Geslag: ☐ Manlik ☐ Vroulik

Bevolkingsgroep: ____

Huistaal: ☐ Afrikaans ☐ Engels ☐ Ander: ____

Leerder se taalvoorkeur: ☐ Afrikaans ☐ Engels ☐ Ander: ____

Leerder selfoonnommer: ____

Leerder e-posadres: ____

Toelatingsdatum: ____

**Behendigheid** **Linkshandig** **Regshandig**

Voorskoolse opvoeding bygewoon: ☐ Formeel ☐ Informeel ☐ Ander: ____

Geregistreer vir 'n maatskaplike toelaag: ☐ Ja ☐ Nee

Ontvang maatskaplike toelaag: ☐ Ja ☐ Nee

Ontvang kos by die skool: ☐ Ja ☐ Nee

Metode van vervoer: ☐ Privaat ☐ Taxi ☐ Bus

Taxi/Bus registrasienommer: ____

Bestuurder se naam: ____

Kontaknommer: ____

### NAASBESTAANDE-INLIGTING

Naam: ____

Kontaknommer: ____

Alternatiewe Kontaknommer: ____

Verwantskap: ____

## SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

Familiekode: ____

Registerklas: ____

Toelatingsnommer: ____

Waglys: ☐ A ☐ B

Nommer op waglys: ____

ID afskrif: ☐

Oorplasingskaart: ☐

Rapport: ☐

Inentingsertifikaat: ☐

### FAMILIE-INLIGTING

Gesinstatus: ☐ Beide ouers ☐ Enkelouer - Nooit getroud

☐ Pleegsorg ☐ Kinderhuis ☐ Enkelouer - Geskei

☐ Ander ☐ Hersaamgestel ☐ Weduwee/Wewenaar

Ouers oorlede: ☐ Moeder ☐ Vader ☐ Geen

### LEERDERGESONDHEIDSINLIGTING

Kroniese siektes: ____

Allergieë: ____

Medikasie: ____

### MEDIESEFONDSINLIGTING

Naam: ____

Telefoonnommer: ____

Lidnommer: ____

Hooflid: ____

### HUISDOKTERINLIGTING

Naam: ____

Telefoonnommer: ____

Besigheidsadres: ____

### INLIGTING VAN VORIGE SKOOL/SPEELGROEP/KLEUTERSKOOL

Eerste inskrywing van leerder in Gauteng : ☐ Ja ☐ Nee

Het leerder verlede jaar skool bygewoon: ☐ Ja ☐ Nee

Indien wel, watter Provinsie/Land: ____

Vorige skool: ____

Telefoonnommer: ____

Adres: ____

Provinsie: ____

Hoogste graad in vorige skool: ____

Rede vir skoolverlating: ____

## OUER / VOOG 1 INLIGTING

Titel: ____________________

Volle name: ____________________

Van: ____________________

Voorletters: ____________________

Noemnaam: ____________________

ID nommer: ____________________

Huistaal: ☐ Afrikaans ☐ Engels ☐ Ander: __________

Kommunikasievoorkeur: ☐ SMS ☐ E-pos ☐ Pos ☐ Per hand

Taalvoorkeur: ____________________

Selfoonnommer: ____________________

Huis tel: ____________________

Faks: ____________________

E-pos: ____________________

Woonadres: ____________________

____________________

Posadres: ____________________

____________________

____________________

Beroepstatus: ☐ Eie Werkgewer Nie-Professioneel ☐ Eie Werkgewer Professioneel ☐ Huisvrou ☐ Deeltyds ☐ Kontrakwerker ☐ Pensioenaris ☐ Student ☐ Tydelik ☐ Voltyds ☐ Werkloos

Beroep: ____________________

Werkgewer: ____________________

Werkstelefoonnommer: ____________________

Werkgewer fisiese adres: ____________________

____________________

____________________

Woon die leerder by hierdie ouer?: ☐ Ja ☐ Nee

## OUER / VOOG 2 INLIGTING

Titel: ____________________

Volle name: ____________________

Van: ____________________

Voorletters: ____________________

Noemnaam: ____________________

ID nommer: ____________________

Huistaal: ☐ Afrikaans ☐ Engels ☐ Ander: __________

Kommunikasievoorkeur: ☐ SMS ☐ E-pos ☐ Pos ☐ Per hand

Taalvoorkeur: ____________________

Selfoonnommer: ____________________

Huis tel: ____________________

Faks: ____________________

E-pos: ____________________

Woonadres: ____________________

____________________

____________________

Posadres: ____________________

____________________

____________________

Beroepstatus: ☐ Eie Werkgewer Nie-Professioneel ☐ Eie Werkgewer Professioneel ☐ Huisvrou ☐ Deeltyds ☐ Kontrakwerker ☐ Pensioenaris ☐ Student ☐ Tydelik ☐ Voltyds ☐ Werkloos

Beroep: ____________________

Werkgewer: ____________________

Werkstelefoonnommer: ____________________

Werkgewer fisiese adres: ____________________

____________________

____________________

Woon die leerder by hierdie ouer?: ☐ Ja ☐ Nee

## ONDERNEMING DEUR OUER / VOOG

Ek, ______________________________ (Naam van Ouer / Voog), verklaar hiermee dat die inligting in hierdie vorm deur my weergegee, waar en juis is en dat ek by wyse van my handtekening hieronder aan die Voorsitter van die Beheerliggaam of sy verteenwoordiger toestemming verleen om enige van die besonderhede deur my verskaf na te gaan en te bevestig. Ek is bewus dat, sou enige van die inligting deur my verskaf onwaar bevind word, ek krimineel vervolg kan word.

Geteken te ____________________ op __________ dag van ____________________ **20**________

Handtekening van Ouer / Voog: ____________________

## KONTRAK MET SKOOL TEN OPSIGTE VAN BETALING

Ooreenkoms tussen Laerskool Wonderboom en ________________________________________________ (Naam van Ouer/Voog) ten opsigte van die betaling van skoolgeld.

1. Laerskool Wonderboom is ‘n Artikel 21 Openbare Skool en mag skoolgelde hef volgens die Suid-Afrikaans Skolewet (Wet No. 84 van 1996) en die National Educating Policy Act (Wet No. 27 van 1996) – National norms and standards of School Funding.
2. U is aanspreeklik vir die betaling van die skoolgeld soos bepaal ingevolge Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, tensy en tot die mate waartoe u van betaling vrygestel is kragtens hierdie Wet.
3. Indien ‘n hof bepaal het dat ‘n ander persoon die skoolgeld moet betaal, bly dit steeds die verantwoordelikheid van almal wat as ouers van die ingeskrewe leerder kwalifiseer ooreenkomstig die definisie van (ouer) in die Suid-Afrikaanse Skolewet, om die skoolgeld te betaal.
4. Betaling van skoolgeld aan Laerskool Wonderboom sal as volg geskied:

| | |
|---|---|
| Eenmalige betaling voor/op die sperdatum soos bepaal tydens die jaarlikse ouervergadering | |
| Afbetaling oor 11 maande | |
| Debietorders: Debietorders moet jaarliks hernu word (vorms beskikbaar by kontantkantoor) | |

5. Ek/Ons is bewus dat ons kan aansoek doen vir vrystelling van skoolgelde vir 2025 en, indien ons van voorneme is om aansoek te doen vir vrystelling, sal die relevante aansoekvorm volledig voltooi word.
6. Indien u wil appelleer teen ‘n beslissing van die Beheerliggaam ten opsigte van die vrystelling van u verpligting van skoolgelde, kan u dit skriftelik rig aan die Beheerliggaam van Laerskool Wonderboom.
7. Indien ek sou weier, versuim of in gebreke bly om die verskuldigde skoolgeld op die dag van betaling te betaal, **sal die volle balans aan Laerskool Wonderboom verskuldig, onmiddellik opeisbaar en betaalbaar word**. In só ‘n geval sal die rekenpligtige ouer/voog aanspreeklik wees vir betaling van alle regskostes ter verhaling daarvan op ‘n prokureurs- en eie kliëntskaal, asook vir invorderingskommissie en opsporingskostes. Die skool het die reg om ouerinligting aan derde partye deur te gee met die oog op die invorderingsproses.
8. Ouers sal gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir die betaling van die leerder(s) se skoolfonds.
9. Ek kies hierdie onderstaande adres as my *domicillium citandi et executandi* vir aflewering of betekening van kennisgewings of pleitstukke.

   Woonadres (nie posadres nie)

   ______________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________

10. Soos ooreengekom by die Algemene Jaarlikse Ouervergadering word alle gelde wat inbetaal word, eerstens vir skoolfonds aangewend en sal slegs anders geallokeer word indien die skoolfondsrekening op datum is, of kwytskelding verskaf is.
11. Ek/Ons die ouers/voog van ________________________________________________ onderneem om my/ons te hou by die ooreenkoms soos hierbo uiteengesit.

Geteken te ___________________________ op hierdie _______ dag van ___________________________ 20_______

1. ________________________________________
   Handtekening van rekenpligtige

2. ________________________________________
   Handtekening van tweede ouer/voog, wat hiermee bevestig dat ouer 1 die rekenpligtige is, maar indien ouer 1 nie sy verpligtinge nakom nie, aanvaar hy/sy aanspreeklikheid vir betaling.

***Geen vorm word aanvaar sonder beide handtekeninge nie.***
***Indien dit nie moontlik is nie, stel ons asseblief in kennis.***

## VRYWARING/TOESTEMMING OM AAN ALLE GEORGANISEERDE AKADEMIESE, SPORT- EN KULTUURAKTIWITEITE DEEL TE NEEM

1. Ek, ouer/voog van _________________________________________________ gee hiermee toestemming dat aan alle akademiese, sport- en kultuuraktiwiteite, wat deur die skool op 'n georganiseerde wyse aangebied word, mag deelneem.
2. Ek verleen toestemming dat my kind vervoer mag word deur 'n openbare busmaatskappy wat goedgekeur is deur die skoolbestuur. Indien daar slegs 'n klein groepie leerders vervoer moet word, kan daar ouers/onderwysers, met wettige bestuurslisensies, gevra word om leerders te vervoer.
3. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van die mediese- en/of hospitaalrekenings indien van toepassing, in geval van beserings wat nie aan die growwe nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.
4. Ek dra my magte as ouer/voog oor aan die Hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese of chirurgiese behandeling vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, is my kind fisies in staat om aan enige georganiseerde aktiwiteite deel te neem en verkeer in goeie gesondheid.
5. Ek bevestig dat alle mediese inligting voorsien in die Afdeling: Leerderinligting van hierdie vorm akkuraat en volledig is. Hierdie inligting mag gebruik word in enige noodgeval.
6. Ek onderneem om die skool in kennis te stel indien enige van bogenoemde inligting verander.
7. Ek onderneem om my kind te ondersteun in die nakoming van die gedragskode en dissiplinêre stelsel van Laerskool Wonderboom, soos vervat in die Skoolbeleid.
8. Hiermee bevestig ek dat enige beeldmateriaal van my kind gebruik mag word vir enige publikasies van die skool, in watter formaat ookal.
9. Ek verleen toestemming dat my kind Google Classroom en sy fasiliteite mag gebruik.

Geteken te ___________________________ op hierdie _______ dag van ____________________________ 20_______

1. ________________________________________
Handtekening van ouer/voog

2. ___________________________________________
Handtekening van ouer/voog

***<u>Geen vorm word aanvaar sonder beide handtekeninge nie.</u>***
***<u>Indien dit nie moontlik is nie, stel ons asseblief in kennis.</u>***

# BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING TOESTEMMINGSVORM

1. Ek/ons, die ouer/s of wettige voog/de van ________________________________ gee hiermee toestemming dat:

   (a) die skool my/ons persoonlike inligting wat deur die skool ingesamel, verwerk en gestoor word ingevolgde die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir doeleindes van die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Skolewet en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid; en

   (b) die skool die leerder se persoonlike inligting (insluitend akademiese, bywoning, gedrags- en ander skoolverwante rekords) wat deur die skool ingesamel, verwerk, gedeel en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir die doeleindes van registrasie van die leerder in die skool, die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Skolewet en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid.

2. Ek/ons verstaan dat my/ons kind nie as leerder van die Skool geregistreer kan word en/of dat my/ons kind nie 'n ingeskrewe leerder van die Skool kan bly sonder dat die Skool sekere van my/ons en my/ons kind se persoonlike inligting, soos deur die Skool versoek, prosesseer nie.

3. Ek/ons bevestig dat ek/ons ingelig is dat die bogenoemde persoonlike inligting in ooreenstemming met die skool se POPI beleid hanteer sal word, welke beleid op skool se webwerf beskikbaar is, alternatiewelik op versoek beskikbaar gestel sal word. Ek/ons bevestig dat ek/ons bewus is daarvan dat my/ons regte met betrekking tot die beskerming van my/ons persoonlike inligting volledig in hierdie beleid vervat word.

4. Ek/ons bevestig hiermee dat ek/ons verstaan dat dit my/ons verantwoordelikheid is om die Skool in te lig sodra enige van die persoonlike inligting wat ek/ons voorsien het verander en onderneem ek/ons om die Skool so spoedig moontlik van sodanige opgedateerde inligting te voorsien.

Handtekening van Ouer/Voog: __________________________ Datum: __________________________

## ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG

Ek/Ons, die ondergetekende ouer(s)/voogde van ______________________________________________________
(volle name en van van leerder)

van ________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________ (woonadres)

bevestig hiermee dat ek/ons die Toelatingsbeleid van Laerskool Wonderboom bestudeer het en my/ons met die inhoud daarvan vereenselwig.

1. Ek/Ons verklaar hiermee my/ons bereidwilligheid om my/ons te onderwerp aan die bepalings en voorskrifte van die voorgemelde Toelatingsbeleid, asook die skoolreëls, erekode, gedragskode, dissiplinêre reëls, skoolpraktyke, gesagstrukture en interne reëlings van Laerskool Wonderboom.
2. Ek verstaan die inhoud van die skool se Gedragskode en ek onderneem om die inhoud daarvan deeglik aan my/ons kind(ers) te verduidelik asook die implikasie van die verbreking daarvan.
3. Ek/Ons verklaar dat ek/ons die wettige ouer/voog van die leerder is en gemagtig is om die ooreenkoms te onderteken en dat ek/ons hiermee gebind is as ouer/voog in my/haar persoonlike hoedanigheid.
4. Ek/Ons onderneem om aan die terme en voorwaardes van hierdie ooreenkoms te voldoen.

Geteken te ___________________________ op hierdie _______ dag van ___________________________ 20_______

1. ________________________________________
Handtekening van ouer/voog

2. ________________________________________
Handtekening van ouer/voog

***<u>Geen vorm word aanvaar sonder beide handtekeninge nie.</u>***
***<u>Indien dit nie moontlik is nie, stel ons asseblief in kennis.</u>***